



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

Beleid oor die Toekenning van Samewerkende Grade

Verwysingsnommer	2P_2.8
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-isekanselier: Navorsing en Innovasie
Beleid eienaar	Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Navorsingsondersteuning
Status	Aanvaar
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	18 Maart 2021
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2024

BELEID OOR DIE TOEKENNING VAN SAMEWERKENDE GRADE

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid en stel reëls vir die toekenning van gesamentlike grade op 18 Maart 2021 aanvaar.

1 Vertolking en Toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Beleidsraamwerk vir Internasionalisering van Hoër Onderwys in Suid-Afrika, 2017; en
- 1.4 Statuut van die Noordwes-Universiteit, 2017.

2 Reëls, Riglyne en Prosedures

- Reëls, riglyne en prosedures vir die bestuur en administrasie van die toekenning van samewerkende kwalifikasies moet, onderhewig aan die goedkeuring van die Universiteitsbestuurskomitee en na oorlegpleging met die Setaan, jaarliks hersien word deur die Adjunk-visekanselier Navorsing en Innovasie (die AVK).
- Alle reëls, riglyne en prosedures met betrekking tot navorsing en innovasie moet deur die AVK bygehou en aan die werknemers en studente van die NWU beskikbaar gestel word.

3 Begripsomskrywings

In hierdie beleidsverwante reëls, riglyne en prosedures –

verwys “**samewerkende graad**” na 'n kwalifikasie toegeken deur die NWU in samewerking met ander Suid-Afrikaanse of buitelandse hoërondewysinstansies wat in een van die volgende vorms toegeken kan word:

- 'n “gesamentlike graad”, wat toegeken word ingevolge 'n ooreenkoms tussen die vennootinstansies na afloop van die suksesvolle voltooiing van die enkele studieprogram wat gesamentlik deur twee of meer hoërondewysinstansies aangebied word; of
- 'n “dubbelembleem-graad”, wat 'n graad is wat toegeken word na die voltooiing van 'n samewerkende of vennootskapsprogram ingevolge waarvan 'n gedeelte van die kurrikulum deur 'n vennoot of vennote aangebied word, maar waar die graad –
 - (a) geakkrediteer word deur die betrokke kwalifikasieowerheid (KO) in die land waar die instansie van inskrywing geleë is; en
 - (b) slegs deur die instansie van inskrywing toegeken word.Die instansie wat die kwalifikasie toeken, gee erkenning aan die bydraes van een of meer, ander instansie(s) tot 'n samewerkende kwalifikasie deur middel van 'n verwysing op die graadsertifikaat, wat name en embleme van die ander vennote kan insluit.

verwys “**deelnemende instansies**” na die NWU en (n) instansie(s) waarmee die NWU saamwerk met die oog op die toekenning van 'n samewerkende graad.

4 Doel

Die doel van hierdie beleid soos bedoel in paragraaf 2 is om kriteria en standarde, billike en deursigtige prosedures te bepaal waarvolgens die NWU samewerkende grade kan toeken om die universiteit se waardes te weerspieël en sy doelstellings te ondersteun.

5 Beleidsverklaring

dit is die beleid van die universiteit dat die NWU, in samewerking met buitelandse universiteite, grade op meesters- en doktrale vlak mag toeken aan studente wat aan die vereistes van sulke grade voldoen het, met dien verstande dat –

- 5.1 daar aan alle wetlike vereistes voldoen word wat op die NWU en die deelnemende instansie van toepassing is;
- 5.2 die graad toegeken word ingevolge 'n bilaterale ooreenkoms tussen die deelnemende instansies;
- 5.3 daar aan al die akademiese vereistes van die deelnemende instansies voldoen word; en
- 5.4 gesamentlike studieleiding vir elke kandidaat volgens 'n cotutelle-ooreenkoms tussen die deelnemende instansie en die kandidaat plaasvind.

6 Toepassing

Hierdie beleid geld vir alle samewerkende grade op meesters- en doktrale vlak indien 'n student vir die graad inskryf in programme wat deur deelnemende instansies goedgekeur is.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\Coll_Degrees\Beleid oor die Toekenning van Samewerkende Grade.docm
26 April 2021

Verwysingsnommer: 2P_2.8